REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Staatskoerant
Government Gazette

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)
Plaaslik **50c** Local
Buitelands **70c** Other countries
Posvry • Post free

Regulasiekoerant
Regulation Gazette
No. 4208

As 'n Nuusblad by die Poskantoor geregistreer
Registered at the Post Office as a Newspaper

Vol. 275 PRETORIA, 17 MEI / MAY 1988 No. 11312

GOEWERMENTSKENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 981 **17 Mei 1988**

KOÖPERASIEWET, 1981 (WET 91 VAN 1981)

VERPLIGTE VERKOPING VAN VOLSTRUISE EN VOLSTRUISPRODUKTE DEUR TUSSENKOMS VAN KLEIN KAROO LANDBOUKOOPERASIE BEPERK

Ek, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister van Landbou, handelende kragtens artikel 241 van die Koöperasiewet, 1981 (Wet 91 van 1981)—

(a) vaardig hierby, op versoek van Klein Karoo Landboukoöperasie Beperk, die bepalings in die Bylae uiteengesit, uit; en

(b) bepaal hierby dat die genoemde bepalings op die datum van publikasie hiervan in werking tree; en

(c) herroep hierby Goewermentskennisgewings 640 van 9 Mei 1958, 1166 van 31 Julie 1959 en 875 van 5 Junie 1970.

J. J. G. WENTZEL,
Minister van Landbou.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie Bylae het 'n woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg is, daardie betekenis en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"die Koöperasie" Klein Karoo Landboukoöperasie Beperk;

"die Wet" die Koöperasiewet, 1981 (Wet 91 van 1981), soos gewysig;

"produsent" ook—

(a) iemand wat betrokke is by die produksie van volstruise of volstruisprodukte; en

GOVERNMENT NOTICE

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 981 **17 May 1988**

CO-OPERATIVES ACT, 1981 (ACT 91 OF 1981)

COMPULSORY SALE OF OSTRICHES AND OSTRICH PRODUCTS THROUGH KLEIN KAROO AGRICULTURAL CO-OPERATIVE LIMITED

I, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister of Agriculture, acting under section 241 of the Co-operatives Act, 1981 (Act 91 of 1981), hereby—

(a) at the request of Klein Karoo Agricultural Co-operative Limited, make the provisions set out in the Schedule; and

(b) determine that the said provisions shall come into operation on the date of publication hereof; and

(c) repeal Government Notices 640 of 9 May 1958, 1166 of 31 July 1959 and 875 of 5 June 1970.

J. J. G. WENTZEL,
Minister of Agriculture.

SCHEDULE

Definitions

1. Any word or expression in this Schedule to which a meaning has been assigned in the Act shall have that meaning and, unless the context otherwise indicates—

"exempted area" means the Magisterial Districts of Calitzdorp, Ladismith, Oudtshoorn, Prince Albert, Uniondale and Willowmore, and that portion of the Magisterial District of George situate north of the Outeniqua Mountains;

"producer" includes—

(a) any person concerned in the production of ostriches or ostrich products; and

(b) met betrekking tot 'n hoeveelheid volstruise of volstruisprodukte wat van iemand verkry is as vergoeding vir die reg om grond te gebruik waarop daardie persoon 'n hoeveelheid volstruise of volstruisprodukte geproduseer het, of as beloning vir dienste aan 'n produsent van volstruise of volstruisprodukte gelewer, die persoon wat daardie hoeveelheid aldus verkry het;

"volstruisprodukte" enigiets verkry van volstruise, hetsy verwerk al dan nie, maar nie ook volstruiseierdoppe nie; en

"vrygestelde gebied" die landdrosdistrikte van Calitzdorp, Ladismith, Oudtshoorn, Prins Albert, Uniondale en Willowmore, en daardie gedeelte van die landdrosdistrik George wat noord van die Outeniekwa-berge geleë is.

Beperking op die verkoop van volstruise en volstruisprodukte

2. (1) Geen produsent in die Republiek mag enige volstruise of volstruisprodukte anders verkoop of anders van die hand sit nie dan behalwe deur tussenkoms van die Koöperasie.

(2) Die bepalings van subklousule (1) is nie van toepassing nie op—

(a) die verkoop of van-die-handsetting van volstruise en volstruiseiers deur 'n produsent aan 'n produsent in die vrygestelde gebied; en

(b) die verkoop of van-die-handsetting van volstruisprodukte deur 'n produsent indien daardie volstruisprodukte reeds een maal in enige vorm hoegenaamd deur tussenkoms van die Koöperasie verkoop of anders van die hand gesit is.

(b) in relation to any quantity of ostriches or ostrich products that have been acquired from any person as a consideration for the right to use land on which that person has produced a quantity of ostriches or ostrich products, or as remuneration for services rendered to a producer of ostriches or ostrich products, the person who so acquired that quantity;

"ostrich products" means anything derived from ostriches, whether processed or not, but not also ostrich-egg shells;

"the Act" means the Co-operatives Act, 1981 (Act 91 of 1981), as amended; and

"the Co-operative" means Klein Karoo Agricultural Co-operative Limited.

Restriction on the sale of ostriches and ostrich products

2. (1) No producer in the Republic shall sell or otherwise dispose of any ostriches or ostrich products otherwise than through the Co-operative.

(2) The provisions of subclause (1) shall not apply to—

(a) the sale or disposal of ostriches and ostrich eggs by a producer to any producer in the exempted area; and

(b) the sale or disposal of ostrich products by a producer if those ostrich products have already been sold or otherwise disposed of once in any form whatsoever through the Co-operative.

INHOUD

No.		*Bladsy No.*	*Staatskoerant No.*
	GOEWERMENTSKENNISGEWING		
Landbou-ekonomie en -bemarking, Departement van			
Goewermentskennisgewing			
R. 981	Koöperasiewet (91/1981): Verpligte verkoping van volstruise en volstruisprodukte deur tussenkoms van Klein Karoo Landboukoöperasie Beperk	1	11312

CONTENTS

No.		*Page No.*	*Gazette No.*
	GOVERNMENT NOTICE		
Agricultural Economics and Marketing, Department of			
Government Notice			
R. 981	Co-operatives Act (91/1981): Compulsory sale of ostriches and ostrich products through Klein Karoo Agricultural Co-operative Limited	1	11312

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001. Tel. 323-9731 × 267

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001. Tel. 323-9731 × 267